

Op 6 April 1952 sal dit presies 300 jaar gelede wees dat Jan van Riebeeck in Tafelbaai aangekom het om met sy handjievol metgeselle die lig van die beskawing in Suid-Afrika te kom aansteek. Ons mag aanneem dat Suid-Afrika hierdie historiese gebeurtenis in 1952 op treffende wyse sal gedenk, en met 'n landswye derde eeufees hulde aan die nagedagtenis van die stigter van die volkeplanting sal bring.

Die Van Riebeeck-Vereniging, wat na die Stigter vernoem is, en hom vir die publikasie van waardevolle bronne in verband met die geskiedenis van Suid-Afrika beywer, het vroeg aan die werk gegaan: op voorstel van een van sy bestuurslede, prof. D. B. Bosman, het hy besluit om in 1952 'n nuwe uitgawe van die bekende „Dagverhaal van Jan van Riebeeck” gereed te hê, teneinde aldus een van ons vernaamste historiese bronne in ruime kring beskikbaar te stel en tegelyk 'n waarlige bydrae tot die derde eeufees te lewer. Dis 'n goeie gedagte hierdie, wat seker oral byval sal vind, en die Van Riebeeck-Vereniging het ongetwyfeld ook verstandig gehandel deur vroegtydig met die werk te begin, want die besorging van 'n goeie uitgawe van die „Dagverhaal van Jan van Riebeeck”, 'n lywige stuk wat altesame omtrent 2,000 bladsye beslaan, is voorwaar geen geringe taak nie.

Toe hierdie kwessie op die jaarvergadering van die Van Riebeeck-Vereniging in 1943 onder bespreking was, het ek gewaarsku teen die opvatting, wat vry algemeen gehuldig word, nl. dat Van Riebeeck die „Dagverhaal” self geskrywe het. By daardie geleentheid het ek een en ander aangevoer om meer lig op die outeurskap van die stuk te werp en aan te toon dat, alhoewel die „Dagverhaal” gewoonlik met Van Riebeeck se naam verbind word, hy nie die skrywer daarvan was nie. *Leent ons die kwessie nou nader ondersoek.*

Die eerste vraag waarvoor ons te staan kom, is : Hoe kom ons aan die betiteling „Dagverhaal van Jan van Riebeeck“, en aan die idee dat hy die auteur was ?

Die titel „Dagverhaal van Jan van Riebeeck“ - met weglatting van die ^e g in Van Riebeeck se naam - is die eerste keer gebruik deur die ^e Nederduitsch Zuid-Afrikaansch Tijdschrift in 1824, 'n blad wat al om die ander maand verskyn het en onder sy heterogene kopie graag ook historiese bronne opgeneem het. Die redaksie van die Tijdschrift was die mening toegedaan dat Van Riebeeck self die skrywer was, en het hierdie mening klaarblyklik op die aanvangswoorde van die „Dagverhaal“ gebaseer : „Daghregister, gehouden by den opperkoopman Jan Anthonisz. van Riebeeck, vertrocken pr. de schepen Drommedaris, Reyger ende Goede Hoope voor opperhoofd naer Cabo de bona Esperance“ ens. (Sien woorde-like afskrif van handskrif-eksemplaar van die Ryksarchief, Den Haag, in Kaapse Argief, V.C. 1). Die woorde „gehouden by den opperkoopman J. A. v. Riebeeck“ het die redaksie sonder meer letterlik opgeneem, en bowendien aangeneem dat dit op die hele dagregister vir al die jare van Van Riebeeck se bewind aan die Kaap toepassing was.

In die tweede uitgawe van die Tijdschrift, Mei - Junie 1824, is toe 'n begin gemaak met die publikasie van die „Dagverhaal van den Wel-Ed. Heer Jan van Riebeeck“. Die redaksie het 'n inleiding van anderhalf bladsy laat voorafgaan, waarin o.a. die rede vir die publikasie as volg aangegee is : „Deze bladeren de vergetelheid te ontrukken, voor dat de knabbelende muis ze heeft verslonden, meenen wij onzen pligt te zijn, en met dat dagverhaal in deszelfs oorspronkelijken stijl en bewoordingen door middel van dit Tijdschrift het licht te doen zien, hopen wij elken Zuid-Afrikaner eene aangename lectuur te verschaffen.“

Handskef-eksemplare , nog in Van Riebeeck se tyd vervaardig, van die „Dagverhaal“ is onder die argiefstukke in Batavia, in Den Haag en aan die Kaap te vind , en dit spreek byna vanself dat die Tijdschrift die Kaapse eksemplaar vir sy doel laat transkribeer het - 'n transkripsie was nl. noodsaaklik aangesien die „Dagverhaal“ in die Gotiese skrif van die 17de eeu geskryf is, soos uit die bygaande faksimilee's van aantekenings uit Desember 1652 en Oktober 1655 gesien kan word.

So het die Tijdschrift dan met die publikasie van die „Dagverhaal“ in 1824 begin, en seriegewys daarmee voortgegaan tot sy uitgawe van Januarie-Februarie 1840 . In al dié jare het die „Dagverhaal“ net twee keer in die Tijdschrift ontbreek, t.w. in die uitgawes Mei - Junie 1828 en September - Oktober 1835. Met die laaste paaiement, dié van Januarie - Februarie 1840, is die „Dagverhaal“ tot aan die end van 1658 gebring, sodat die hele regerings-tyd van Van Riebeeck nie gedek is nie.

Sestien jaar lank het die Tijdschrift dus gereeld, slegs twee uitgawes uitgesonderd, sy lezers 'n gedeelte uit die „Dagverhaal“ gebring, en elke keer het dit onder die titel „Dagverhaal van den Wel-Ed. Heer Jan van Riebeeck“ geskied. Dat dit hierdie titel laat posvat het, asook die idee dat die stuk 'n dagboek van Van Riebeeck self is, sal 'n mens maklik verstaan.

Op die voetspoor van die Tijdschrift het sowat veertig jaar later die Historisch Genootschap van Utrecht gevolg. Die Historisch Genootschap, wat hom, soos die Van Riebeeck - Vereniging, met die publikasie van belangrike historiese bronne besighou, het die „Dagverhaal“ in drie dele uitgegee : die eerste, wat die jare 1652 - 1655 dek, het

in 1854 verskyn ; die tweede, 1656 - 1655, in 1892; en die derde, 1659 - 1662, in 1893. En aldrie gaan onder die titel „Dagverhaal van Jan van Riebeeck“. Alhouwel ook daar 'n ou handskrif-exemplaar van die „Dagverhaal“ op die Rijksarchief in Den Haag te vindé was, het die Historisch Genootschap die eerste ses maande van die „Dagverhaal“ nie daar laat transkribeer nie, maar eenvoudig die teks van die Tijdschrift afgedruk - 'n deel van die inleiding inkluis - tot 11 Oktober 1652; vanhier af tot aan die end van Van Riebeeck se tyd het die Genootschap egter die exemplaar van die Rijksarchief gevolg (Sien Hist. Gen., Dagverhaal van Jan van Riebeeck, I, pp 1 en 72)."

Ons sien dus dat die Historisch Genootschap die titel „Dagverhaal van Jan van Riebeeck“ verder vasgêlê het, en daarmee die opvatting versterk het dat Van Riebeeck die auteur was. Maar dit blyk ook dat die Genootschap self geglo het dat Van Riebeeck die skrywer was, en ook só gesê het. In sy Inleiding tot die eerste deel van die „Dagverhaal“ verwys die Genootschap na die instruksie van Van Riebeeck, waarin daar o.a. neergelê word dat hy „correcte notitie en daaregister“ van alle voorvallende sake moes hou, en stê dan : „Hoe hy aan dit voorschrift heeft voldaan, blijkt uit onze uitgave (d.i. die „Dagverhaal“) “ (p.1X). Die Genootschap verklaar vervolgens dat in die „Dagverhaal“ „Riebeeks eigen mededeelingen“ voorkom (Ib.) Dat taal en styl in die „Dagverhaal“ soms erg gebreklig is, en dat die „Dagverhaal“, waar daar van die Kommandeur sprake is, nie in die eerste persoon nie, maar in die derde persoon spreek, het die Genootschap wel gehinder, maar dit het tog nie ernstige twyfel gewek nie : Van Riebeeck het soms maar swak geekryf, so meen die Genootschap, en as hy met homself

te doen het, „ spreeket oprecht hij van zich zelven in den derden persoon " (Ib.)

Dat, na die publikasie van 'n groot deel van die „ Dagverhaal " in die Zuid-Afrikaansch Tijdschrift en veral die uitgawe daarvan deur die Historisch Genootschap van Utrecht, die „ Dagverhaal " nou vir 'n dagboek van Van Riebeeck deurgegaan het, en die daaglikse aantekeninge daar-in aan hom persoonlik toegeeskrywe is, hoof 'n mens nie te verwonder nie. So het die meeste van ons geskiedskrywers dit dan ook in breë trekke opgevat, ofskoon daar darem enkele was by wie daar twyfel opgekom het.

Theal was klaarblyklik ~~heugtig~~^{lugtig} vir Van Riebeeck se ontEURskap. In sy Catalogue of South African Books and Pamphlets (p. 83) omskryf hy die „ Dagverhaal " nie as 'n dagboek van Van Riebeeck nie, maar sê eenvoudig daarvan : „ Under this title the Historical Society at Utrecht has published three demic octave volumes containing the Journal kept in the fort Good Hope from 1652 to 1662 ", en waar Theal in sy groot History of South Africa before 1795, of liewer in die ses hoofstukke van die tweede deel waarin hy die geskiedenis van Van Riebeeck se tyd aan die Kaap behandel, ^{tal} van toe van berigte uit die „ Dagverhaal " gebruik mask, is hy versigtig om dit nie voor te stel asof sulke gegewens direk van Van Riebeeck afkomstig is nie. Theal het dus twyfel gehad, maar hy het Van Riebeeck se ontEURskap ewe-wel nie onomwonde verwerp nie.

Die meeste ander geskiedskrywers was egter minder versigtig. Godée Molsbergen, die bekende biograaf van Jan van Riebeeck gee aantekenings uit die „ Dagverhaal " asof dit aantekenings van Van Riebeeck self is (vgl. Jan van Riebeeck, pp. 85, 93, 96 en 108), terwyl ook verskeie ander skrywers dieselfde indruk wek. Die skrywer wat

seker die verste in hierdie rigting gaan, is Adolf Gabler, wie se Jan van Riebeeck grondet die Kapstadt in 1936 verskyn het, 'n werk wat hoofsaaklik 'n uitbreksel uit die „Dagverhaal“ is en waarin die skrywer kategoriees verklaar dat Van Riebeeck die „Dagverhaal“, „eigenhändig führte“ (p.5). Die veelvoudige taal-^{ul} en stylswakhede in die „Dagverhaal“ wyt hy daaraan dat Van Riebeeck se taal „altertümlich und nicht geschliffen“ was, en dat „die Berichte neben einem gerüttelten Masz von Arbeit, oft unter Sorgen und Mühsalen und nicht selten in Eile gemacht werden, so dasz das Satzgefüge mitunter holprig und brüchig ist“ (Ib.) Ooenskomstig sy opvatting dat Van Riebeeck die „Dagverhaal“ eiehandig geskryf het, gaan Gabler aan die end van sy werk dan selfs so ver om op grond van aantekenings in die „Dagverhaal“, en die skryfwyse daarvan, karaktertrekke van Van Riebeeck te konstateer, want, so neen hy, „über das Wesen van Riebeeks gibt das Tagebuch den besten Aufschluss“ (p.274).

Dit sal nou duidelik wees hoe die titel „Dagverhaal van Jan van Riebeeck“ ontstaan het, en hoe daarmee die mening dat Van Riebeeck self die skrywer was, posgevat het.

Dit bring ons tot die tweede, en vernamste, vraag, nl. waarom moet ons teen hierdie opvatting gewaarsku wees? M.a.w. as die „Dagverhaal“ nie Van Riebeeck se eie dagboek is nie, wat is dit dan presies?

Laat my ten aanvang dadelik sê dat die feit dat daar tydens Van Riebeeck se bewind 'n dagregister aan die Kaap gehou is, niks buitengewoons in die Oos-Indiese Kompanjie se besittinge was nie, intendeel dit was die reël, en Here XVII, die opperbestuur van die Kompanjie, het dit ook definitief voorgeskryf. Op 6 Desember 1621, dus nog lank voor die Kaapse volksplanting gestig is, het Here XVII reeds 'n verordening uitgevaardig „tot het aanhouden van een dag-

register op elk kantoor der Compagnie ". In hierdie dagregister of dagverhaal moes van dag tot dag aangeteken word „ alles, wat aldaar geschiedt en den onsen bejegent, so wel wel met d' Engelsen, als oock met andere, wie het oock sij, in eenigerhande manieren " (Van der Ghijs, Nederlandsch-Indisch Plakaatboek , I, pp. 604 - 605). Deur sulke dagregisters sou, soos 'n mens maklik kan verstaan, sowel die plaaslike bestuur as die hoofbestuur op hoogte van sake gehou en administrasie aldus vergemaklik word. Hierdie voorskrif het vir alle Kompanjiesposte gegeld, maar om die wenslikheid daarvan te beklemtoon, en te verseker dat gesaghebbers nie in gebreke sal bly nie, is dit gewoonlik in die amptelike instruksies van gesagvoerders op nuwe poste nadruklik herhaal. In Jan van Riebeeck se instruksie, d.d. Amsterdam, 25 Maart 1651, lees ons dasrom o.a. : „ Van alle 't geene omtrent u passeert sult correcte notitie ende dagh register houden sonder daar van te blijven in gebreecke " (Inkomende Briewe, C. 409, p. 28. Kaapse Argief).

Ooreenkomsdig hierdie voorskrifte het daar dan op al die Kompanjiesposte dagregisters ontstaan, sowel by die hoofkwartier, Batavia, as op die buitekantore soos Banda, Amboen, Ceylon, Malakka, die Kaap en op al die ander plekke waar die Kompanjie dit die moeite werd geag het om 'n pos te stig. En op al die plekke word die dagregisters volgehoud solank die Kompanjie daar gesag gevwoer het; aan die Kaap begin dit met die kom^s van Van Riebeeck en gaan dit deur tot aan die end van die Kompanje se bewind.

Wat ons dan ken as die „ Dagverhaal van Jan van Riebeeck " het nie ontstaan as gevolg van 'n behoeftte by Van Riebeeck om sy eie ervarings en gebeurtenisse om hom heen daagliks aan te teken nie, maar dit is gewoonweg die eerste tien jaar, 1652 - 1662, van die deurlopende Kaapse dagregister, wat in amptelike opdrag van Here XVII hier gehou is. As die

dagregister van die eerste tien jaar Van Riebeeck se dagboek is, dan kan ons meteveel reg beweer dat die dagregisters van die volgende jare dagboeke van sy opvolgers is, t.w. 1662 - 1666 Wagenaar se dagboek, 1666 - 1668 Van Quaelberg s'n, en 1668 - 1670 Borghorst s'n. Dan sou die dagregister van die jare 1679 - 1699 Simon van die Stel se dagboek wees!

Daar kan miskien geredeneer word dat die volksplanting in die jare 1652 - 1662 nog maar baie klein was, dat die Kommandeur sy hande toe nog nie, so vol gehad het nie, en dat Van Riebeeck die dagregister gevolglik self geskrywe het. - Of, as hy dit nie self geskrywe het nie, kon hy dit gedikteer het, sodat hy tog die geestelike vader daarvan was, en dit dus nog as sy dagboek beskou kan word.

Enige kenmerk van Van Riebeeck se regeringstyd weet egter goed dat, alhoewel die volksplanting en die plaaslike administrasie in dié tyd nog maar beperk was, die eerste Kommandeur sy hande seer seker nie baie vry gehad het nie : as die eerste baanbreker het hy, soos die „Dagverhaal“ alleen al oorvloediglik aantoon, van meet af aan ernstig te worstel gehad met die vleesvraagstuk, die groente- en die koringkwessie^s, die natuurrellevraagstuk, asook met ontevredenheid en dreigende muiterij onder sy eie mense en gevare vanweë buitelandse vyande. In die laaste paar jaar van sy bewind was die ernstigste moeilikhede alreeds taamlik oorkom en die taak van sy opvolgers was gewis makliker as syne. Van 1660 tot 1670 het die volksplanting en die plaaslike administrasie ook nie noemenswaardig uitgebrei nie, sodat Wagenaar, Van Quaelberg en Borghorst dit seker nie so druk soos Van Riebeeck gehad het nie. Maar niemand het nog ooit die Kaapse dagregister in hul tyd as hul dagboeke gaan beskou nie, en tereg ook, want hulle het, ten spyte van hul makliker taak, nie die tyd gehad om elke dag te gaan sit en dagboeke

skrywe nie, en dit was inderdaad ook nie nodig nie want dit was nie hul werk nie. Waar sou Van Riebeeck dan die tyd gekry het? En waarom sou dit sy werk gewees het? Op die vraag of hy dit miskien gedikteer het, kan ons maar net sê dat daar in die dae nog nie stenograve aan die Kaap was nie, en dat hy, as hy die tyd gehad het en die moeite wou gedaan het om dit te dikteer, ~~by~~ dit net so goed self ook kon geskryf het. Hierdie moontlikheid val dus byna vanselfsprekend weg.

'n Mens het dus rede om te sê dat dit uiters onwaarskynlik is dat Van Riebeeck die amptelike Kaapse dagregister in sy tyd persoonlik geskryf of gedikteer het. Maar om waarskynlikheid of onwaarskynlikheid te konstateer is nog nie genoeg nie; 'n mens moet sekerheid kry. Om dié sekerheid te kry is dit nodig om op die inhoud en die handskrif van die dagregister te let.

Wat die inhoud betref, is daar 'n hele paar punte wat ons aandag verdien. As Van Riebeeck die skrywer was, sou 'n mens verwag dat, waar daar van die Kommandeur self sprake is, die dagregister in die eerste persoon, en nie in die derde persoon nie, geskryf sou wees. Maar gesteld nog dat Van Riebeeck , as hy met homself te doen het, in die derde persoon skryf, dan sou 'n mens darem met stelligheid kon verwag dat in die loop van tien jaar en deur twee duisend bladsye heen die eerste persoon hom af en toe , of slegs 'n enkele keer, sou ontval. In die hele stuk kry ons egter geen enkele geval waar daar definitief van die Kommandeur sprake is en „ ik " of „ wij " gebruik word nie. Waar die „ Dagverhaal " in die eerste persoon spreek , bv. „ 's morgen vroeg beproefden wij ten eersten ----- " (15 Sept. 1652); „ hebben heden een affscheyt-maaltjen gegeten ----- " (13 Oktober 1652) ; „ Hebben van dage d'eerste blomcool ^u wt onsen thuyn gesneden ----- " (16 November 1653) ens., het

die eerste persoon betrekking op die dagverhaalskrywer, of die Regering (lede van die Politieke Raad), of die blankes in die algemeen. Maar as daar van Van Riebeeck sprake is, is dit altyd in die derde persoon, b.v. „ is het opperhoofd Riebeeck 's morgens vroeg na land gevaren ----- " (9 April 1652) ; „ Ondertusschen het de E. van Riebeeck ...^{het}" (15 Sept. 1652) ; „ Heden dorst het volk aan den E. van Riebeeck voorstellen ----- " (30 September 1652) ens. As 'n mens moet glo dat Van Riebeeck die dagregister geskryf het, dan is hierdie konsekwente gebruik op sy minste hoogs sonderling.

Ewe sonderling, en selfs onverstaanbaar, sou dan ook die verskillende spellings van Van Riebeeck se naam wees wat 'n mens in die dagregister aantref. Hy het self altyd geskryf van Riebeeck, soos uit die veelvuldige voorbeeldie van sy handtekening in die Kaapse Argief blyk, maar naas hierdie korrekte spelling kom ook dikwels voor Riebeek en Riebeccq.

Verder merk ons op dat tydens Van Riebeeck se afwesigheid van die fort die dagregister nogtans voortgaan en gebeurtenisse by die hoofplaas noukeurig aangeteken word. Die Kommandeur was baie min van die hoofplaas afwesig, en as hy uitgaan, gaan hy gewoonlik nie ver weg nie sodat hy nog weer dieselfde dag terugkeer. Maar op 3 Desember 1660 vertrek hy per boot na Saldanhabaai „ omme de gelegentheyt van dien eens selffs in persoon pertinent te besichtigen ", en hy keer eers op 9 Desember terug. Onderwyl word die dagregister egter op die gewone wyse in die fort volgehou:-

* 4 dito. ^{moy} weer, ende 't luchjen varisabel.
Sondach ^{5 do.} Sonneschyn, weer ende 't luchjen als vooren, tegen de middach de wint hard nyffen z. z. oosten, met valbuijen, over den Taeffelberch, die tot laet toe inde nacht starck aenhelden.

6 do . 's morgens schoon helder weer als boven
de Z. Z. ooste winden die noch seer sterck
aanhielten - sijn de vrije luyden met haer
vaertuygen, na dassen Eylant ende Saldanhaba-
bij vertrocken. Nademiddach de harde Z. Z.
ooste winden seer fel aennemende, met seer
stercke valbuijen over den Taeffelbergh vallende
die noch den -

7 do. tot laet inder nacht aanhielten.

8 do. 't morgens schoon helder sonneschijn, weer de
wint noch Z. Z. oost een d' oversyde vande
baeij noch seer sterck doorwaejende - op
den middach stil zoel weer, 't luchjen
wijtten noort oosten.

9 do. Smorgens doncker betoogen lucht met regen,
't luchjen noordelyck - Op den middach
tusschen een ende twee ~~nachten~~^{uuren} retourneerden
d' Heer Commandeur Riebeeck -----"

Hierdie aantekeninge is uit die handskrif-eksemplaar
van die dagregister in die Kaapse Argief aangehaal. Verge-
lyk ons dit met die Historisch Genootschap van Utrecht
se „Dagverhaal Van Jan van Riebeek“ dan kom ons al
dadelik tot die verrassende bevinding dat die Genootschap
al hierdie aantekeninge weggelaat het, met uitsondering
van 'n gedeelte van 6 Desember, t.w. die vertrek van die
vryburgers na Dasseneiland en Saldanhabaai. Waarom die
Genootschap hierdie aantekeninge weggelaat het, weet ons
nie. Is dit blote sorgeloosheid? Of is die aantekeninge
oor die weer hier nie van belang geag nie? - Ofskoon dit
elders tog gewoonlik weergegee word. Of het dit met voor-
bedagte rade geskied, aangesien sulke uitvoerige aantekeninge
tydens Van Riebeeck se afwesigheid nie met die Genootschap
se opvatting, dat Van Riebeeck self die skrywer was, ge-
strook het nie? - Ek ^{laat} het dit daar.

Dit is in elk geval volkome duidelik dat Van Riebeeck
die aangehaalde aantekeninge op die betrokke datums nie kon
geskryf het nie, en eek nie kon gedikteer het nie. Wel
kon hy na sy terugkeer navraag na gebeurtenisse tydens sy
afwesigheid gedoen het, en toe die daaglike aantekeninge

postdata gemaak het, maar daarteen spreek weer die feit dat dit nie só gestel word nie, en ook dat die aantekeninge sulke fyne besonderhede van daaglikse weersveranderinge so noukeurig weergee.

'n Mens mag miskien ook dink dat hy een van sy beamptes opdrag gegee het om in sy afwesigheid die dagregister te skryf, maar hierdie moontlikheid is om twee redes uitgeskakel. Eerstens is daar die argumentum ex silentio : in 'n uitvoerige instruksie, wat Van Riebeeck vir sy plaasvervangende beamptes (Roeloff de Man en Abraham Gabbema) nalaat, en wat onder datum 3 Desember volledig in die dagregister aangegee word, word daar geen woord oor die voortsetting van die dagregister gerep nie. Die argumentum ex silentio is egter hier, soos gewoonlik by historiese ondersoek die geval is, nog nie afdoende nie. Afdoende is egter wel die tweede rede, t.w. die feit dat die dagregister, tenspyte van Van Riebeeck se afwesigheid, in dieselfde handskrif voortgaan, en hierdie handskrif is sowel voor as gedurende en na Van Riebeeck se afwesigheid nie sy handskrif nie. Maar die betekenis hiervan sal eers volledig blyk as ons weldra by die handskrif-kriterium kom.

Ons let ook op die slotgedeelte van die „Dagverhaal.“ Under datum 6 Mei 1662 heet dit :-

„is de Ed. Heer Zacharias Wagenaar in behoorlike forma, voor alle den volcke alhier, als commandeur voorgestelt, en sijne commissie van d' Ed. Heer Gouverneur Generael en Raeden van India, van de puye door den Secretaris affgelesen, waerna eenstemmich voor Commandeur in de plaatse van d' Ed. Heer van Riebeeck is aangenomen, ende erkent.“

Dat die al nie na 'n aantekening van Van Riebeeck self klink nie, sal iedereen erken, maar let ook op wat verder volg:-

„Sondagh den 7 dito, weer ende wint als gister, met regen tot naer de middagh, dat het begoste op te claren, ende waermude d' Ed. Commandeur Jan van Riebeeq met sijn huysffrou ende famillie

een boort van het schip de Mars is gevaren, omme daermede naer Batavia te vertrekken, ende is de voorsz. Commandeur de behoorlike geleyde, soo van ons als van de vrije luyden, gegeven etc.

Den 8 dito, zuytooste luchtjens ende sijn dese nacht met de lichte maen de schepen Mars en Amstelant zeyl gegaen naer Batavia, als oock desen morgé de fluyt de Peperbael, die noch omtrent de middach buyten geraeckt, crigende de Nagelboom contrarie wint, sulcx dat noch moste blijven leggen. Tegen den avont is de huysfrou van den vrij herbergier Hendrick van Zeurwaerden comen te geleggen van een jongen soon, en een dito dochter".

As van Riebeeck die skrywer was, wis hy dit dus reg te kry om, ofskoon hy reeds aan boord die Mars op pad na Indië was, nog in die Kaapse fort aan te teken hoe die Peperbael die baai uitseil, hoe die Nagelboom weëns teenwind eers moet bly lê, en hoe die vrou van vryburger Van Zeurwaerden 'n tweeling in die wêreld bring. Of missien wis hy dit te dikteur!

Die ware toedrag is duidelik : dis nie Van Riebeeck wat geskryf of gedikteer het nie; dis die Kaapse beampte, wie se taak dit was om die dagregister te hou, wat eenvoudig met sy werk voortgaan - op 6 Mei vermeld hy die installering van Wagenaar, op 7 Mei die afskeid van Van Riebeeck, op 8 Mei die vertrek van die skepe en die geboorte van die tweeling. En as ons nou van die gedrukte "Dagverhaal" na die voortsetting daarvan in die Kaapse Argief gaan, vind ons dat die aantekeninge doodgewoon voortgesit word : Van Riebeeck se vertrek tenspyt, is daar geen onderbreking hoegenaamd nie, en ook geen aanduiding dat Van Riebeeck die pen neergelê het nie, wat 'n mens tog stellig sou verwag as hy die skrywer was. Die dagregister gaan selfs in dieselfde handskrif voort, waarvan die volle betekenis eweneens uit die navolgende sal blyk.

Ons kom nou by die handskrif van die dagregister om deur toepassing van die handskrif-kriterium tot meer duidelikheid te kom.

Die handskrif-kriterium sou waardeloos wees as 'n mens nie die originele van die "Dagverhaal" onder oë kan kry nie.

Soos hierbo opgemerk is, bestaan daar drie handskrif-eksemplare uit die tyd van Van Riebeeck : die eksemplaar van die Landsarchief in Batavia, dié van die Rijskearchief, Den Haag, en dié van die Kaapse Argief. Aldrie hierdie eksemplare kan nie origineles wees nie: één is die originele, en die ander twee is kopieë daarvan. Die vraag is nou : watter een is die originele ?

Die feit dat die eksemplaar van die Kaapse Argief nie as 'n afskrif gesertifiseer word nie, soos gewoonlik met afskrifte in die Kompanje se diens gedoen is, laat 'n mens vermoed dat jy miskien hier met die originele te doen het. Dit was gebruikelik dat afskrifte met die woorde „*Copia*“ of „*Copij*“ aangedui is, of deur die betrokke beampte „*Accordeert*“ gemerkt is, maar sulke aanduidings kom nêrens in die Kaapse eksemplaar voor nie. Ook hier is die argumentum ex silentio egter slegs 'n aanduiding en nie 'n bewys nie. Om sekerheid te kry moet 'n mens na die instruksies van die Kompanjiesbestuur in hierdie verband, en die reaksie van die Kaapse regering daarop, gaan.

In die eerste algemene regeringereglement vir Nederlands Oos-Indië, wat deur Here XVII in November 1609 ontwerp en deur die State-Generaal van die Nederlandse Republiek nog in die selfde maand goedgekeur en uitgevaardig is, is die sentrale Indiese regering voorgeskryf om van die vernaamste Indiese boeke, sowel ^{die} van die sentrale regering self as ^{die} van die regerings op die verskillende kantore, kopieë na die moederland oor te stuur ; nie die origineles nie, maar kopieë, want die origineles moes op die betrokke plekke bewaar word (Van der Chijs, Nederlandsch-Indisch Plakaatboek, I, pp. 9-10). In die voorskrif van 1621, waarna reeds verwys is en waarvolgens 'n dagregister op elke kantoor gehou moes word, is ook weer bepaal dat die dagregister „in kopij“, „naar Nederland“ gestuur moes word. Die wysheid, en selfs noodsaaklikheid, van die beginsel dat nie origineles nie, maar

kopieë, opgestuur moet word, sal dadelik duidelik wees : groot oseaanreise, met die klein seilskepies van daardie tyd, was aan ernstige gevare blootgestel en dit het dikwels voorgekom dat skepe vergaan het, sodat dit raadzaam was om origineles van belangrike boeke op die kantore te bewaar, waar daar altyd weer outentiese afskrifte gemaak kon word.

Die Kaapse regering, soos die regering op ander kantore, het hom aan die voorskrifte in hierdie verband gehou, en hy het dan ook, by name wat die dagregister betref, sorggedra om die originele ter plase te hou en afskrifte na die moederland en Batavia te stuur. In die „Register van de Pampieren“ wat Van Riebeeck op 18 April 1652, d.i. twaalf dae na sy aankoms aan die Kaap, aan Here XVII gestuur het, kom o.a. voor : „Copie dagregister gehouden van de Reijse na Cabo de boa Esperance ende 't gepasseerde aldaer tot 18 April in eluijs“ (C. 493, Uitgaande Brieue, 1652 - 1661, p. 5). Sowat 'n maand later stuur hy stukke na Goewerneur-Generaal en Rade in Oos-Indië, en daaronder vind ons weer „Copie dagregister“ (Ib. p. 18). Op 25 Mei 1652 en 19 Jan. 1653 gaan weer na Batavia „Copie Vervolgh van dagregister“ (Ib. pp. 26 en 45), terwyl onder die stukke vir Here XVII in April 1653 ook voorkom „Copie dagregister“ (Ib. p. 95). En so gaan dit voort. Die Uitgaande Brieue lewer 'n menigte verdere bewyse op dat dit kopieë van die dagregister was wat die land verlaat het (Vgl. Ib. pp. 104, 111, 123, 145, 151, 183, 235 ens.)

Weliwaar het dit later in Van Riebeeck se tyd by die Kaapse regeringssecretaris heel begrypplik gewoonte geword om in sy registers van uitgaande stukke gewoonweg aan te teken „Vervolg Caeps Daghregister“, maar dit kan tog seer seker nie beteken dat daar toe, direk instryd met Here XVII se voorskrifte, opeens die originele van die dagregister weggestuur is nie.

Ons kom dus tot die gevolgtrekking dat die handskrif-

eksemplaar van die dagregister in die Kaapse Argief die originele stuk is, en dat ons gevolgelyk die handskrif-kriterium met veiligheid daarop kan toepas. Al sou dit ook wees dat later in Van Riebeeck se tyd, wat die vervolg-dele van die dagregister betref, die originele weggestuur is, dan het ons in die vroeë jare in elk geval nog meer as voldoende om die handskrif-kriterium met gerustheid te gebruik.

Die eerste sewe maande van die originele dagregister in die Kaapse Argief het ongelukkig verlore gegaan, en wat in die Argief in die eerste band van die dagregister (C.553) ingebind is, begin in November 1652. Die belangrike punt is egter, en dit merk 'n mens al gou op, dat dit vanhier af tot aan die end van Van Riebeeck se bewind nie in dieselfde handskrif is nie. Tot 2 Februarie 1653 is dit dieselfde handskrif; dan 'n ander handskrif tot 19 April 1654; dan weer 'n ander tot 8 Desember 1655; dan weer tot 25 Jan. 1656 in die handskrif wat van 2 Feb. 1653 tot 19 April 1654 geskryf is; dan weer 'n ander handskrif tot 3 Oktober 1656; en so kan 'n mens die wisseling van handskrif vir Van Riebeeck se hele tyd nagaan. Op grond hiervan spreek dit nou al vanself dat Van Riebeeck nie die skrywer, ~~kon gescrewe het nie~~, die enigste skrywer, kon gewees het nie.

Die vraag is egter nog of één van die handskrifte wat in die originele voorkom, nie Van Riebeeck se handskrif is nie, sodat hy darem tog 'n deel, of dele, kon geskrywe het nie? Ofskoon daar in die Kaapse Argief 'n menigte stukke uit Van Riebeeck se tyd is, is dit nie so maklik om die hand op sy handskrif te lê nie: hy was Kommandeur en die gewone skryfwerk was nie sy taak nie, maar dié van sy sekretaris, sy boekhouer en sy ander beampies. Gevolglik het hy self baie min geskreve stukke nagelaat, terwyl daar aan die ander kant volop berigte in die handskrifte van sy ondergesiktes is.

'n Hele paar jaar gelede, toe die outewerkspel van die "Dagverhaal" my belangstelling die eerste keer geprikkel het, het ek reeds moeite gedaan om duidelikheid oor Van Riebeeck se handskrif te kry. Aangesien Van Riebeeck, sowel voor sy kom na die Kaap as na sy vertrek vanhier, in sekretariële hoedanigheid in Batavia werkzaam was, is dit voor die hand dat hy daar baie skrifstukke moes nagelaat het. Ek het dus van dr. Verhoeven, argivaris van die Landsarchief in Batavia, fotografiese afdrukke van Van Riebeeck se handskrif versoek, ten einde dit met die skrif van die originele dagregister te vergelyk.

Dr. Verhoeven het moeite gedaan, maar wat hy my eintlik gestuur het, het gou blyk nie die skrif van Van Riebeeck te wees nie, maar dié van sy seun, Abraham van Riebeeck, wat aan die Kaap gebore is en later goewerneur-generaal van Nederlands Oos-Indië geword het. Toe ek daarop verneem het dat die massa Kompanjiestukke in die Landsarchief in 'n taamlik verwonde toestand verkeer, en toe bewindien die Japansse verowerings in die Ooste plaangevind het, het dit duidelik geword dat die probleem in die Kaapse Argief opgelos moet word.

Uit Jan van Riebeeck se handtekening, wat volduldig in stukke van die Kaapse Argief voorkom, blyk al dat hy 'n fyn, sorgvuldig, sierlike hand geskryf het. Baie mense het die neiging om in hul naamtekening hul handskrif onleesbaar te vermink, maar met Van Riebeeck was dit nie die geval nie: hy maak wel 'n oompaat van krulle of strepe ter versiering maar die skrif van sy handtekening is tog baie duidelik.

'n Naamtekening is egter, soos iedereen weet, as basis vir skrifvergelyking nie voldoende nie; dit kan wel as aanvullende aanduiding dien, maar nie as onaanvegbare maatstaf nie. Dit was dus nodig om die gewone handskrif van Van Riebeeck op te diep. Soos geblyk het, sou 'n mens dit nie in

die gewone administratiewe skrifstukke vind nie, maar dit kon darem in buitengewone stukke, b.v. stukke waарoor daar geheimhouding bewaar moes word, verwag word. Bulke stukke moes daar uit die aard van die saak ook aan die Kaap opgestel word, en dit is dan ook inderdaad een hiervan wat ons die beste voorbeeld van Van Riebeeck se handskrif gee.

In die jaar 1661, 'n tyd toe daar vanweë strawwe handelskonkurrensie heelwat spanning tussen die Nederlandse Republiek en Engeland bestaan het, het Van Riebeeck dit nodig gevind om 'n geheime sein te bepaal en te beskrywe, waarvan die wagters op Robbeneiland gebruik sou maak as die retourboot van die Kompanjie skepe van die Kompanjie hulle mees bedien as hulle by Tafelbaai aankom.^{wagters op Robbeneiland gebruik sou maak as die retourboot van die Kompanjie skepe van die Kompanjie hulle mees bedien as hulle by Tafelbaai aankom.} So 'n sein was noodsaaklik ten einde alreeds op die afstand te weet of aankomende skepe vaderlandse dan wel vreemde skepe was, en ook om aan die Kompanjieskepe die verskerming te gee dat in vreemde skepe was, en dit behoeft dan ook geen betoog nie dat Tafelbaai alles reg is, en dit behoeft dan ook geen betoog nie dat strenge geheimhouding daaromtrent bewaar moes word. Vandaar dat van Riebeeck dit „secretelyk beraempt" en eiehandig uitgeskryf het, en dit vervolgens in die geheim aan die Indiese regering meegedeel het (C. 410 Inkomende Brieue, 1660-1668, p. 216. Kaapse Arg.) Hierdie stuk, soos uit bygaande reproduksie daarvan gesien kan word, toon Van Riebeeck se handskrif aan as 'n duidelike, fyn, elegante skrif, min of meer soos 'n mens dit al op grond van sy handtekening verwag het. Met behulp hiervan was dit nou moontlik om in die Kaapse Argief ook verskeie ander stukke uit sy pen terug te vind, b.v. sy gebed en die Resolusies van die Politieke Raad se eerste drie vergaderings, wat nog aan boord die Drommedaris gehou is (C.1, Resolutiën, 1651 - 1663).

Gaan 'n mens nou Van Riebeeck se handskrif met die handskrifte van die originele dagregister verglyk, dan kom jy spoedig tot die interessante bevinding dat sy handskrif nêrens in die dagregister voorkom nie. Dit kan wees dat hy die dagregister, soos die Resolusies, aangevoer het en dat sy handskrif dus missien in die eerste sewe maande

van die originele dagregister, wat verlore gegaan het, voorgekom het, maar dit sou tog weinig verskil beteken en die dagregister nog nie sy dagboek maak nie. Die feite is duidelik : byna die hele van die oorpronklike dagregister in Van Riebeeck se tyd het vir ons bewaar gebly, en dit is nêrens in sy handskrif nie, sodat hy onmoontlik die skrywer kon gewees het. Die handskrif-kriterium is hier deurslaggewend; 'n mens kan op grond daarvan alleén al Van Riebeeck se oueurskap kategorieë verworp.

Ons kom dan tot die konklusie dat die bekende „Dagverhaal van Jan van Riebeeck" nie 'n dagboek van Van Riebeeck is nie, nog in die sin dat hy dit geskryf het, nog in die sin dat hy dit ^{ge}dikteer het. Die „Dagverhaal" is in werklikheid niks anders nie as die eerste tien jaar van die gewone amptelike dagregister, wat aan die Kaap, soos op ander Kompanjiesposte, in opdrag van Here XVII deur die een of ander beampete onder die Kommandeur, waarskynlik die plaaslike sekretaris, gehou is.

Ten slotte wil ek nou net graag hier byvoeg dat hierdie konklusie nie as kritiek van my kant op die wenk van prof. D. B. Bosman, en die voorneme van die Van Riebeeck-Vereniging, om ter huldiging van Van Riebeeck se nagedagtenis die dagregister in 1952 opnuut uit te gee, geïnterpreteer moet word nie. Ek is dit met hierdie voorneme heelhartig eens, omdat daar m.i. geen ander bron is waaruit 'n mens so 'n duidelike oorsig van ons vroegste geskiedenis en tegelyk so 'n sprekende beeld van die Stigter se onvergetlike wortelwerk in ons land kry as juis in die dagregister nie. Die publikasie van die dagregister sal dus gewis 'n passende huldiging deur die Van Riebeeck-Vereniging wees. Maar laat ons net op twee dinge goed let. Eerstens : die uitgawes van die Zuid-Afrikaansch Tijdschrift en die Historisch Genootschap van Utrecht sit vol onhoukeurighede, en/daar 'n nuwe uitgawe

gemaak word, moet die onnoukeurigheid van hierdie uitgawes vermy word deur die originele in die Kaapse Argief nougeset te volg; slegs vir die ontbrekende eerste sewe maande van die originele sou dit geregtverdig wees om 'n ander eksemplaar te volg, waarvoor ek die kopie van die Riksarchief in Den Haag aan die hand doen, van die eerste gedeelte waarvan ons 'n woordelike afskrif in die Kaapse Argief het (V.C. 1). Tweedens : die mite van Van Riebeeck se ou-teurskap moet nie verder voortgesit word deur die stuk weereens onder die foutiewe titel „Dagverhaal van Jan van Riebeeck" uit te gee nie, maar dit moet uitgegee word onder die titel „Die Kaapse Dagregister tydens Van Riebeeck, 1652 - 1662", want dan sal die titel ten minste histories juis wees en geen wanindruk skep nie.
